OOSTELIKE SINODE

Binne die konteks van die moderne viering van Kersfees is daar talle temas en onderwerpe wat oor die jare ons aandag opgeneem het, soos, “Mag jy ’n kersboom opstel?; is 25 Desember die regte datum vir die viering van Kersfees?”.

In die geskiedenis vind ons die interessante oorlewering dat die viering van Kersfees in 1647 in Engeland verbied is en eers weer teen 1660 hervat is. As jy ’n internet soektog gaan doen oor al die gewoontes en gebruike wat met Kersfees assosieer word, sal jy gou ontdek dat die viering van Kersfees nog altyd 'n samevoeging van populêre kultuur en godsdiens was, wat ’n eie karakter vertoon en verband hou met die omgewing waarin dit gevier word.

Vir ons as kerk is die roeping vir die kersgety nie om mense weg te lei van die essensie van die Christusfees met allerlei debatte oor onbelangrike goed nie. Ons taak is om die geestelike lewe te fasiliteer, deur die weg te wys na die liefde van God vir ons en ons naaste soos dit in Christus bekend gemaak is. Die tradisies van die Kersgety is gevolglik nie mededingers wat uitgeskakel of verban hoef te word nie, maar elemente wat ons kreatief kan inspan om die boodskap van Christus te verkondig.

Mag julle in die kersseisoen die liefde van die Here in oorvloed beleef saam met julle geliefdes want, *“Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.”*

Geseënde Kersfees

Johan Botha

Kersgroete vanaf ons leierskap

Kersfees kondig ‘n tyd van **hoop, vrede, vreugde en liefde** aan. Paulus se unieke Kersverhaal in Filippense 2:1-11 vertel ons van die omvang van God se liefde en die omstandighede waarbinne Paulus sy boodskap afgelewer het. Filippi (Hand 16) was ‘n stad met mense vanuit verskillende agtergronde, sosiale stande en kulture – dieselfde soorte mense waarvoor Jesus na hierdie wêreld gekom het. Vir daardie wêreld en vir hierdie wêreld het God sy liefde sigbaar uitgestort deur as mens gebore te word. Dit was ‘n duur prys, want alles wat vir Jesus kosbaar was, het Hy gelos en die nederige gestalte van ‘n slaaf (dienskneg) aangeneem. Dit was die begin van Jesus se verhaal van pyn en lyding. Jesus het na die wêreld toe gekom om selfloos te leef, met net die heil en verlossing van sondaars in die oog.

Die krip en die kruis word die plek waar ons die omvang van God se **liefde** raaksien. Sonder die kruis was die krip net ‘n storie, en sonder die leë graf, alles te vergeefs. Jesus het die verhouding tussen God en mens kom herstel en weer **vrede** tussen mens en God gebring – dit waaroor die engele by sy geboorte gesing het.

Paulus beklemtoon in Romeine 5:1&2 dat gelowiges, deur Jesus Christus, **vrede** by God verkry, asook die **hoop** om deel te kan hê aan die heerlikheid van God. Saam met almal gaan ons eendag erken en bely dat Jesus Christus die Here is. Vir baie gaan dit ‘n wonderlike ervaring wees, vir ander ‘n grusame belewenis, want wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie (1 Joh 5:12).

Paulus se kersverhaal wil ook gelowiges herinner daaraan dat Kersfees nie net gaan oor **vrede by God** nie, maar ook **vrede met mekaar**. **Liefde vir God** en **liefde vir die naaste** gaan hand aan hand en dit is ons daaglikse taak om, met die gesindheid van Jesus (Fil 2:5), met nuwe oë na mekaar te kyk. Nou is dit nie meer Jood, Griek of Romein (die verskillende kulture van die omgewing) nie, maar ons leer om na mekaar en ander te kyk soos Jesus na Saggeus, die owerspelige vrou, Nikodemus en die vissermandissipels gekyk het. Jesus se **liefde** vir hulle (en dus ook vir ons) is groter as enige sonde wat gedoen is. Dalk leer ons om nuut na mense te kyk en nie te besluit hulle pas nie by ons sosiale stand, kultuur, volksverband, vriendekring of dalk ons gemeente in nie. Gelowiges leef op mekaar en ander ingestel om soos Jesus te kom dien (slaaf te word), om so te leef dat mense ook daardeur na God getrek word en dat die boodskap van heil (goeie tyding) deur mense gevoel en beleef word – dan eers is ons sout en lig!

Mag ons vandag, soos die engele destyds, ook sê: “Moenie bang wees nie. Kyk ek bring vir julle ‘n goeie boodskap wat vir die hele volk ‘n bron van groot vreugde sal wees (Luk 2:10).” Mag ons hierdie boodskap van **hoop, vrede, vreugde en liefde** so gereeld verkondig dat mense wat in die duisternis ronddwaal, weer ‘n lig kan sien wanneer ons die ware Lig deur ons lewe op hulle laat skyn (Jes 9:1).

Mag die **vreugde**, soos in FLAM 103, in hierdie Kerstyd in ons lewens sigbaar wees:

Kersfees is 'n vreugdefees. Jesus het gekom.

Hy wil by sy mense wees dat hul kan glo in Hom.
Kersfees is 'n vreugdefees as ons net verstaan

dat Hy nie net in 'n krip lê nie, maar ook deur 'n graf moes gaan.
Vir jou en my het Jesus mens geword. Hy het gely om ons die lewe te gee.
Maak oop jou hart en laat sy vrede in. Kersfees sal dan in jou begin!

Tertius Erasmus

GEMEENTES EN LERAARS

Beroep:

Robert (RBD) Meintjies van **Witbank-Suid** het 'n beroep na Magaliesburg aanvaar.
Martin (MJ) Coetzer van Hartswater het die beroep na **Ermelo** aanvaar en word op 2 Februarie 2025 bevestig.

HANDELINGE

Die Handelinge van die 21ste sitting van die Oostelike Sinode is op ons webblad beskikbaar.

Kliek hier vir die Handelinge

SINODEHUIS

Die Sinodehuis sluit **Donderdag 12 Desember** om 16:00 en sal weer op **Woensdag 8 Januarie 2025** open. Ons volgende Familienuus sal op 14 Januarie uitgestuur word.

DAGBOEK SOLANK VIR 2025

KLEIN GEMEENTE WERKSWINKEL | 21 JANUARE 2025

Die Sinodale Diensraad skop op 21 Januarie 2025 af met die eerste van 'n reeks werkswinkels vir ons klein gemeentes. Ons het by die Sinodesitting hiervan vertel – en hier gaan ons nou...

Die 10 klein gemeentes van die **Ringe van Ermelo en Wakkerstroom is op 21 Januarie 2025** eerste aan die beurt. Die ander ringe volg spoedig daarna.

Ons loods hierdie inisiatief omdat ons glo in die toekoms van ons kleiner gemeentes. Ons wil graag saam met elkeen 'n pad van visioenering, roepingsbesef en praktiese toerusting stap.

Mag dit die begin van iets groots wees ...

Francois Retief

PREDIKANTEKONFERENSIE | 10-13 Junie 2025 | SKUKUZA



Maak seker jou verblyf is bespreek vir ons predikantekonferensie volgende jaar Junie by Skukuza, Krugerwildtuin. Ons help graag - vul die onderstaande vorm in en stuur aan ontvangs@sinoos.co.za.

Vind die besprekings vorm hier

ANDER NUUS

Kersfees is 'n tyd van saam-wees met familie en vriende. Maar vir meeste kinders by Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom is dit ongelukkig net nog 'n dag van alleen-wees.

Op 25 Desember bederf ons die kinders met 'n Kersete by Weesgerus Oord. Hulle gaan aansit by 'n heerlike feesmaal van beesvleis, gerookte ham, pampoenkoekies, boontjies, gebakte aartappels en 'n verskeidenheid slaaie. Verder word dit ook 'n dag vol pret onder die somerson, met volle toegang tot die oord se fasiliteite.

Jou bydrae sal hierdie Kersdag ons kinders se magies en hartjies vol maak.

Vir navrae en bewys van betaling

Kry jou artikel 18A-sertifikaat

Splitsekondes saam met God

Deur dr Jorrie Potgieter van Lynnwoodrif gemeente.

Hierdie dagstukkieboek is nie 'n losse gebruik van teksgedeeltes nie, maar die vers-vir-vers gebruik van die Ou Testamentiese Bybel-verhale. Deur die verhale van mense en God word die werklikhede van jou eie lewe aangespreek. So word feitlik elke aspek waarmee jy vandag worstel, deur die twee-minuut dagstukkie oor 'n jaar aangespreek.

Om die boek te bestel

Bestel nou jou Jaarboek 2025

Die Jaarboek vir 2025 kan nou bestel word.

Bestel hier aanlyn!

Kliek hier vir 'n bestelvorm!

Skryf hier in vir die eJaarboek

AFLOSLERAARS

Attie Botha, Leraar | 082 554 4040 (Beskikbaar vir vir afloswerk Sondae, Kersfees en Oujaar vanaf 8 Desember 2024 tot 12 Januarie 2025)

Dion van Dyk, Emeritus | 072 317 0407 | dionvdyk@mweb.co.za

Christie Smit, Emeritus | 083 234 4456 | christiepos@gmail.com

André Fitzgerald, Emeritus | 082 855 0691 | anfitz@telkomsa.net

Stanley Strydom, Beroepbare Predikant | 083 299 1090 | stanley.strydom@gmail.com

Charyn Myburgh, Beroepbare Proponent | 072 562 8964 | charynsm@gmail.com

Stanley Marais, Beroepbare Predikant | 084 782 3547 | stanleymarais@gmail.com

Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **10 Desember - 13 Januarie** verjaar.

EMERITI

11 Desember Danie Haasbroek
12 Desember Johann Fourie
17 Desember Johann van Rooyen
19 Desember Niekie Rothmann
25 Desember Hendrik Groenewald
26 Desember Cliff van Vuren
31 Desember Charl van Schalkwyk

01 Januarie Eddie le Roux
09 Januarie Stephan Weyers

PREDIKANTE

11 Desember Frans De Beer
14 Desember Lourens Van Deventer
18 Desember Willem Esterhuizen
21 Desember Frikkie Coetzee
21 Desember Johannes van der Merwe
22 Desember Hancke van Blerk
23 Desember Adriaan van Tonder
23 Desember Raymond Kramm
25 Desember Ian Dubery
25 Desember Maartje van der Westhuizen

05 Januarie Carine Botha
05 Januarie Kobus Mey
06 Januarie Daan Klopper
08 Januarie Nelus Niemandt
09 Januarie Rika van Vuren
12 Januarie Roedolf Botha
13 Januarie Dif Ehlers

GEMEENTES

Lydenburg gemeente 7 Januarie 1850 (175 jaar)
Nelspruit gemeente 7 Januarie 1938 (87 jaar)
Sabie gemeente 7 Januarie 1933 (25 jaar)
Roossenekal gemeente 9 Januarie 1885 (140 jaar)